

Sondag 30 April

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21

Fokusgedeelte: Openbaring 22:17

“Die Gees en die bruid sê: Kom!”

Die uitnodiging “Kom!” hoor ons dikwels in die Bybel. Soms word dit aan mense in wanhoop en swaarkry gerig, soos in Jesaja 55:1 waar die profeet aan die mismoedige ballinge sê: “Kom, almal wat dors het, kom na die water toe ...” Of soos in Matteus 11:28 waar Jesus aan diegene wat deur foutiewe wetsonderhouding neer-gedruk word, sê: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.” In Matteus 25:34 sê Hy aan die skape aan sy regterkant: “Kom, julle wat deur my Vader geseën is. Die koninkryk is van die begin van die skepping af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.” Kom! Kom! Kom!

Daar is ook ’n tweede soort uitroep, nié waar die Here óns roep om te kom nie, maar waar ons Hóm roep om te kom. Waar die Gees en die bruid, die kerk, na Christus roep om te kom: Kom! Kom, Here Jesus! In Grieks: *Marana ta!* (1 Kor. 16:22) Kom gou! Want so het Hy belowe, tot drie maal in Open-baring 22 (vs 7, 12, 20).

Waarom? Hy moet gou kom, want sy vervolgte gemeente in Klein-Asië (vandag Turkye) is dors, dors vir lewende water, dors vir verlossing, dors vir die koms van die Verlosser. Hulle is moeg vir die donker nag van vervolging en kyk uit na die opkoms van die helder Môrester. Hulle hoop om met Christus verenig te word, om in die heerlijkheid van God te deel, om beloon te word vir die goeie wat hulle in die lewe gedoen het, welwetend wat die genadeloon sal wees (vs 12). Die Gees en die gemeente roep “Kom!”, want hulle wag op die koms van die voltooide koninkryk van God, op die aanbreek van die nuwe hemel en die nuwe aarde waar álles nuut sal wees (21:5).

Is jy een van dié wat roep: Kom! – of swyg jy?

Sing: Skrifberyming 18-8:1-6 (melodie Ps. 100)

Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)